Revive Our Hearts
SOUTH AFRICA

# Nuusbrief

Calling Women to Freedom, Fullness & Fruitfulness in Christ

Maart 2026

## Lewensaadjies

*“As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies,”*

*(Psalm 25:12, Afrikaans 83).*

*"Who is this person who fears the Lord? He will show him the way he should choose"* (Psalm 25:12, CSB).

Iemand het eendag vir ‘n man gevra of hy die stem van die Here hoorbaar kan hoor. Sy antwoord was: “Nee, God praat baie harder as dit.” Soms is die Here se instruksies vir ons so duidelik dat dit harder en meer hoorbaar as ‘n stem is. Dit is ‘n wete wat sê: Hier is die pad, loop hierlangs.

Een nag in Julie 2024 het ek so ‘n besonderse belewenis gehad. Ek het ‘n duidelike oortuiging gekry dat ek vanaf Junie 2026 meer moet fokus op lering en die bediening van vroue, as op die administrasie van *ROH SA*.

Op 10 Junie 2026 sal *ROH SA* tien jaar oud wees en die afgelope byna 10 jaar het die Here tree vir tree voor ons uitgeloop. Hy het deure oopgemaak, spanlede bygevoeg, finansies voorsien en lewens verander. Ek was daarom oortuig dat Hy reeds ‘n persoon begin voorberei het om die administratiewe bestuur van die bediening by my oor te neem.

Soos altyd was die Here so getrou. Hy het vir Theresa Rabie, een van ons spanlede voorberei, geroep en die gawe van administrasie gegee. Theresa sal dus vanaf Julie 2026 by my oorneem as direkteur van *ROH SA*.

Ek bly egter deel van die leierskap en gaan in my nuwe rol onder andere fokus op die aanbieding en ontwikkeling van nuwe Bybelstudies en ander geestelike hulpbronne.

Ek loof die Here vir Theresa se diensbaarheid en haar hart vir vroue.  Bid asseblief vir ons vir hierdie oorgangsproses.

Soos die Here die *ROH SA*-span elke dag lei, lei Hy ook vir jou. My gebed is dat jy sal hoor en dat jy gehoorsaam sal volg.

*"Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou,"* (Psalm 32:8, *Afrikaans 83*).

*"I will instruct you and show you the way to go; with my eye on you, I will give counsel,"* (Psalm 32:8, CSB).

Retha de Villiers

---

## Wonder van die Woord Projek

### 1) Lees Deur Die Bybel in 2026




*Revive Our Hearts* het Januarie met 'n leesplan begin waar mense van regoor die wêreld die Bybel in een jaar saam deurlees. Daar is tans **36 738** mense wat saam daagliks deur die Woord lees. In Suid-Afrika is daar 704 Afrikaanse lesers, terwyl die Engelse lesers 412 beloop.

**Getuienis**:

"Wat hierdie leesplan vir my besonders maak, is dat ek die Bybel sistematies van Genesis af kan deurlees.

Die Ou Testament het nuwe betekenis en lewe vir my gekry. Ek is elke dag opnuut dankbaar dat Jesus vir my gesterf het en die dood oorwin het.

Ek kan hierdie program ook in Afrikaans doen, wat vir my nog 'n pluspunt is. Ek lees die bondige opsomming dikwels eers na ek die dag se hoofstukke gelees het, en dit vat dit wat ek gelees het vir my so mooi saam."

Magda Mulder
Bella Vista


Arkansas

VSA

Jy is steeds welkom om saam met ons by die leesprogram in te skakel. Registreer gerus by hierdie skakel.

LEES DEUR DIE BYBEL REGISTRASIE

## 2) Wonder van die Woord-*App* vir byna-tieners (*tweens*)




*Revive Our Hearts* werk nou saam met die bediening van Dannah Gresh, *Pure Freedom*, om die Wonder van die Woord vir tienermeisies beskikbaar te stel, net waar hulle is. Dit word word moontlik gemaak deur 'n splinternuwe toep (*App*)! Ons wil graag jong meisies nooi om hierdie jaar saam met ons deur die Bybel te lees.  Hierdie toep is slegs in Engels beskikbaar. Luister gerus na Dannah vir meer inligting daaroor.


## 3) Bybelonderrig: 2027-2028

*Revive our Hearts* is opgewonde om nog 'n nuwe projek, waar vrouens saam deur die Bybel sal leer bekend te stel. Die projek skop in 2027 af. Dit sal die lees van 'n paar hoofstukke uit die Woord met gepaardgaande 30-40 minute leringsessies deur Nancy DeMoss Wolgemuth behels.


Ontmoet die span wat betrokke is by die verwerking van die Afrikaanse weergawe van die projek:




Estelle Drysdale



Estelle Drysdale Marisa Badenhorst Mercia van der Merwe



Suria Scoltz Andrè du Plessis



Theresa Rabie

Estelle Drysdale (foto hierbo) is die projekbestuurder van die hele *Wonder of the Word*-projek van *ROH SA*. Estelle sê:

"Wat my baie opgewonde oor hierdie projek maak, is hoe Nancy ons van Genesis 1 af aanmoedig om te sien hoe alles in die Ou Testament heenwys na Jesus. Ons sien uit om in 2027 en 2028 saam met julle deur die Bybel te leer."

## Boekbestellings




Neem asseblief kennis van ons nuwe e-posadres vir alle boekbestellings:

booksales@reviveourhearts.co.za

Gebruik asseblief voortaan hierdie adres wanneer jy boeke aankoop. Hierdie verandering sal ons help om die bestelproses glad te laat verloop en jou doeltreffend te bedien.

Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning.

## Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) – Uitbreiding van die *Seeking Him*-projek

’n Eenvoudige gesprek tussen twee vriende in 2025 oor die mooi van Gebaretaal en die beperkte bedieninghulpbronne vir die Dowe gemeenskap in Suid-Afrika het gegroei tot ’n betekenisvolle nuwe uitreikaksie. Wat begin het as ’n gedeelde bekommernis, het ontwikkel tot ’n gefokusde poging om die *Seeking Him*-boodskappe in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) toeganklik te maak.

Onder die leiding van *Scripture Union* het Eunice van Vuuren, ’n lid van die Suid-Afrikaanse Dowe gemeenskap, by die projek aangesluit as tolk. Haar rol is om Nancy DeMoss Wolgemuth se *Seeking Him*-boodskappe getrou in SASL te vertolk sodat die hart en bedoeling van elke lering duidelik oorgedra word.

*Seeking Him* is deel van die bediening van *Revive Our Hearts* (ROH), wat vroue oproep tot vryheid, volheid en vrugbaarheid in Christus. Die oorspronklike *Seeking Him*-inhoud is beskikbaar op ons webwerf:

https://www.reviveourhearts.com/podcast/seeking-him/

Opnames het in Februarie begin, en die *Seeking Him* – South African Sign Language (SH-SASL) potgooie is in Maart bekendgestel. Boodskappe word elke Donderdag op die *ROH SA* WhatsApp-gemeenskapsblad vrygestel.

Hierdie inisiatief is 'n belangrike stap om Christus-gesentreerde herlewingslering toeganklik te maak vir die Dowe gemeenskap regoor Suid-Afrika. Indien jy deel van die projek wil wees, kontak ons gerus by sainfo@reviveourhearts.co.za.




---

## *Seeking Him*-potgooi vertalers deel hul ervaring van die eerste twee maande se boodskappe in hul moedertale:

### Tshifhiva – Tshivenda

"My ervaring van hierdie maand se vertalings en opnames het aan my bewys dat dit nie net ander bedien nie, maar ook myself. Die proses gee my meer tyd om oor die Woord vir daardie week na te dink. Om op te neem is nie net een keer se luister en dan aan beweeg nie, want jy moet dit oor en oor lees en oor en oor opneem. So word die Woord vir my meer werklik. Dit beteken dat ek met een opname myself oor en oor bedien deur dit hardop te lees.

Ek het ook geleer dat dit nie oor volmaaktheid gaan nie; dit gaan oor die mense aan die ander kant, dié wat die Woord ontvang, want hulle hoef net die waarheid van God se Woord te hoor, niks anders nie."

## Mary – Setswana

"Met die *Seeking Him*-boodskappe ervaar ek geestelike groei en leer ek hoe om 'n lewe te leef wat God behaag. Dit help my om my foute en sonde raak te sien en nie deur die wêreld verander te word nie. Elke keer as ek dit lees, vul dit my met hoop en help dit my om in God se waarheid te bly. Ek kry die energie om dit wat ek gehoor het, uit te leef."

## Bridget – Sepedi

"My siening oor die vertaling van hierdie boodskappe het heeltemal verander. Aanvanklik was die plan om net die boodskap te neem en dit in Sepedi oor te dra. Ek het egter intussen geleer dat God met elke boodskap my oë oopmaak oor my verhouding met Hom. Die proses van vertaling het gelei tot baie selfondersoek oor my pad met Christus, en met elke opname kry ek meer vrymoedigheid om die Woord van God te deel, terwyl dit my eie identiteit as kind van God verstewig en my toelaat om 'n mondstuk te wees om Sy genade te deel."

## Nelly – Setswana

"My ervaring hierdie maand is gebaseer op die boodskap oor die Heilige Gees. Hierdie boodskap het gekom terwyl ek vir God gevra het om my te help om Sy Gees te ontvang sodat ek die vrug van die Gees kan hê. Die vrug wat ek die graagste wil hê, is geduld, want ek het besef dat ek ongeduldig is. Nancy sê dat hierdie eienskappe van Christus deel van ons sal word wanneer ons ons heeltemal oorgee aan Sy beheer."

## Pearl – Xitsonga

"Die boodskap van 27 Januarie 2026 oor die beheer van ons liggame volgens 1 Tessalonisense 4:3-6 en ander verwante Skrifgedeeltes soos Romeine 8:13 en Levitikus , het my aandag daarop gevestig dat ons, terwyl ons seksuele onsedelikheid moet vermy, dieselfde moet doen met vraatsugtigheid. Baie van wat ons inneem, begin ons liggame beheer; verslawing kan ontwikkel, en uiteindelik kan ons selfs verklaar dat ons nie daarsonder kan leef nie – wat afgodery is."

# *ROH SA* Paasboodskap 2026

Wanneer ons na Pasga kyk, was dit nie net 'n fees vir Israel voordat hulle Egipte verlaat het nie – dit was 'n profetiese beeld van die Messias (Eksodus 12:1-20). Die lam sonder gebrek, die ongesuurde brood, die bitter kruie en die bloed aan die deurkosyne het alles vooruit gewys na Jesus, wat die belofte vervul het wat reeds in Genesis 3:15 uitgespreek is. Hy het gekom om nie net Israel nie, maar al die nasies te verlos (Jesaja 43:1; Johannes 3:16).

Jesus het verduidelik dat die brood en wyn Sy liggaam en bloed simboliseer. Die ongesuurde brood – suurdeeg wat sonde verteenwoordig – het gewys op Sy sondelose liggaam, gebreek vir ons genesing (Psalm 147:3; Jeremia 30:17). Daardie genesing is emosioneel én fisies: Hy herstel ons identiteit as kinders van God, genees depressie en gebrokenheid en bring heling in siekte, pyn en selfs die dood.

Die wyn het Sy bloed gesimboliseer, uitgestort vir vergifnis, net soos die hoëpriester vroeër die bloed van 'n lam op die versoendeksel gesprinkel het vir Israel se versoening. En hier is die waarheid – geen sonde is te groot om vergewe te word wanneer ons dit bely en ons voor Hom bekeer nie (1 Johannes 1:9), veral wanneer ons sukkel om onsself te vergewe.

Aan die kruis het Jesus die Skrif vervul op maniere wat min mense destyds verstaan het (Galasiërs 3:13–14). Ten spyte van bespotting en lyding het Hy vir Sy vervolgers gebid (Lukas 23:34), die berouvolle misdadiger die paradys belowe (Lukas 23:43) en Sy moeder aan Johannes toevertrou (Johannes 19:26–27), om te verseker dat sy ook 'n verlosser het, Jesus as die Messias. Sy dors het Psalm 22:15 vervul, en geen van Sy bene is gebreek, soos voorspel nie (Johannes 19:36). Toe Sy sy deurboor is, het bloed en water uitgevloei (Johannes 19:34), wat herinner aan die Pasga-offer en die reiniging beloof in Jesaja 1:18.

Maar die kruis was nie die einde nie! Op die derde dag het Jesus uit die graf opgestaan, aan Sy dissipels verskyn en veertig dae later na die hemel opgevaar met die belofte dat Hy weer sal kom. Deur die Heilige Gees bemagtig Hy Sy volgelinge om Sy werk voort te sit – selfs groter dinge te doen as wat Jesus gedoen het (Johannes 14:12 ; Romeine 8:11). Sy offer bring genesing, vergifnis en die roeping om dissipels te maak (Matteus 28:19-20).

Terwyl ons hierdie Pasga Nagmaal vier, onthou ons:

Sy lewe is uitgestort vir ons genesing;

Sy bloed is uitgestort vir ons vergifnis.

Ons is nie met silwer of goud losgekoop nie, maar met die kosbare bloed van Christus, die vlekkelose Lam (1 Petrus 1:18-19). In Hom word ons die geregtigheid van God (2 Korintiërs 5:21). Pasga het in Egipte begin, is in Jerusalem vervul, en leef vandag voort in ons huise.

Geseënde Paasfees – en laat ons saam verkondig: Halleluja, die Lam het opgestaan!

André Rabie

# Terugvoer

## Beholding the Wonder: True Woman '25
## ROH-Konferensie, heruitsaai in Nelspruit, Suid-Afrika





Hierdie jaar was die vyfde minikonferensie van ROH wat heruitgesaai is by die Nelspruit Baptistekerk in Mbombela.

Dit was 'n pragtige herinnering dat dit God se konferensie is – nie ons s'n nie. Hy kies die sprekers, bring die dames, spreek harte aan en seën elkeen op 'n persoonlike manier.

Soos gewoonlik was daar uitdagings. Tegniese probleme, kragonderbrekings en selfs 'n totale kragonderbreking die aand voor die tyd het ons op ons knieë gehou. Tog het God in elke uitdaging getrou voorsien – krag, hulp en selfs 'n vol gelaaide flitslig om die laaste voorbereidings te voltooi!

Inskrywings het stadig begin. Twee weke voor die konferensie het slegs ses dames geregistreer, maar uiteindelik het vyf en twintig bymekaargekom, gereed om van God te hoor.

Ons het begin met 'n boodskap van Kevin DeYoung, "Aanskou, Die Groot Verhaal van die Bybel," gevolg deur Dannah Gresh wat gedeel het oor "Aanskou, Die Daaglikse Genade van die Woord." 'n Spesiale hoogtepunt was Charlotte se kragtige getuienis van hoe God haar uit verslawing gered en haar lewe deur Sy Woord verander het.

Die laaste sessie het gefokus op die Lees-Deur-die-Bybel-projek, met 'n pragtige voorlesing van Psalm 119 in vyf tale. Baie dames het gedeel hoe diep die leesplan hulle geraak het, veral dié wat vir die eerste keer deur die Bybel lees.

Ons het afgesluit met ’n boodskap van Nancy DeMoss Wolgemuth, “Aanskou, Harte aan die Brand met die Woord.”

Die terugvoer ná die konferensie was oorweldigend – harte is bemoedig, vrae is beantwoord en geloof is versterk.

Alle eer en heerlikheid aan God vir die wyse waarop Hy gewerk het. Ons gebed is dat die Woord sal aanhou versprei soos die vroue dit wat hulle ontvang het, deel.

## Gebed



• Ons dank die Here vir die groei wat in die bediening plaasvind.

“Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen" (Romeine 11:36, *Afrikaans 83*).

• Bid asseblief vir ons bedieningsprojekte: Wonder van die Woord, *Seeking Him*-vertalings en Hulpbronontwikkeling.

“Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg” (Psalm 37:5, *Afrikaans 83*).

• Bid asseblief vir elke lid van ons span: vir beskerming oor hulle en hul gesinne, en vir genoegsame en toegewyde tyd vir elke taak.

“Hou my uit die mag van die goddeloses, Here, ...” (Psalm 140:5, *Afrikaans 83*).

“Laat wat jy doen aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk” (Spreuke 16:3, *Afrikaans 83*).

• Bid asseblief dat God ons span sal uitbrei waar spesifieke vaardighede benodig word.

“Die Here het aan hulle die vaardigheid gegee om al die werk van ‘n vakman te verrig; ...” (Eksodus 35:35, *Afrikaans 83*).

Copyright © 2025 *Revive Our Hearts South Africa*

Revive Our Hearts South Africa, Loschplace 13, Moreletapark, Pretoria, Gauteng 0044, South Africa

All rights reserved.

sainfo@reviveourhearts.co.za

Unsubscribe/Uitteken